Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva

Navrae
Enquiries
IMibuzo

Direkteur: OBOS

Telefoon
Telephone
IFoni

Faks
Fax
IFeksi

Verwysing
Reference
ISalanthiso

15/2/11/4/10
20021106-0003

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe IeMfundo IeNtshona Koloni

OMSENDBRIEF : 0022/2004
VERVALDATUM : GEEN

AAN: **HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE (HOOFKANTOOR EN OBOS'e), KRINGBESTUURDERS. HOOFKURRIKULUMADVISEURS, KURRIKULUM-ADVISEURS, EN HOOFDE VAN ALLE OPENBARE, ONAFHANKLIKE EN OLSO-SKOLE EN VBOO-SENTRUMS**

KORT OPSOMMING: *Bekendstelling van die Wes-Kaap Onderwysdepartement se beleid en protokol oor veiligheid in skoolwetenskap*

ONDERWERP: WES-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT SE BELEID EN PROTOKOL OOR VEILIGHEID IN SKOOLWETENSKAP

1. 'n Dokument, Die Wes-Kaap Onderwysdepartement se beleid en protokol oor veiligheid in skoolwetenskap, is aangeheg. Kommentaar wat van die publiek ontvang is, is ook in ag geneem toe hierdie beleid en protokol opgestel is.
2. Die dokument sit die beginsels, reëls en formele stappe in die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se beleid en implementeringsplan uiteen om te verseker dat Wetenskap veilig in sy inrigtings aangebied word en dat die chemikalieë in voorraad gebruik word uitsluitlik vir eksperimente soos voorgeskryf in die onderskeie hersiene nasionale kurrikulumverklarings. Dit verskaf ook 'n lys van verbintenisse wat deur die WKOD aangegaan is en voorwaardes waaraan skole moet voldoen.
3. Al die betrokke inrigtings word versoek om te verseker dat hulle gereed sal wees vir die implementering van hierdie beleid en protokol op 1 Januarie 2005 deur
    - die betrokke veiligheidsbeamptes aan te stel
    - die personeel verantwoordelik vir hierdie funksie in te lig en op te lei
    - die nodige voorbereidings te tref sodat hulle laboratoriums as veilige sones verklaar kan word.
4. 'n Handleiding vir veiligheid in skoolwetenskap wat die implementering van die beleid sal vergemaklik, sal in die loop van die jaar aan al hierdie inrigtings voorsien word.
5. Hierdie dokument is (ook) beskikbaar op die Kurrikulumontwikkeling Webtuiste by **http://curriculum.wcape.school.za/site/52/page/view/**. Navrae kan gerig word aan die direkteur of die hoofkurrikulumadviseur by u OBOS.
6. Hoofde van inrigtings word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle opvoeders, ouers/voogde en leerders te bring.

GETEKEN: P.A. VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2004:04:10

Meld asseblief verwysingsnommers in alle korrespondensie / Please quote reference numbers in all correspondence /
Nceda ubhale iimombolo zesalathisa kuyo yonke imbalelwano
Grand Central Towers, Laer-Parlementstraat, Privaatsak X9114, Kaapstad 8000
Grand Central Towers, Lower Parliament Street, Private Bag X9114, Cape Town 8000

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
Adobe Acrobat Reader® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
Beleid en Protokol oor Veiligheid in Skoolwetenskap (grootte: 85 KB)

na bo

Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva